Die kenmerke van ‘n geestelike leier en ’n geestelike leierspan.

In die bybel gebruik God leiers om ’n verskil te bewerkstellig.

Dink maar aan:

- Moses wat die volk moes laat trek.
- Nehemia wat die muur om Jerusalem moes herbou.
- Dawid wat die land van heidenvolke moes oorneem.
- Salomo wat die tempel moes herbou.
- God gebruik vir Petrus en Paulus in die Nuwe Testament om sy kerk te bou.

God wil die leraar maar in besonder ook die leierspan gebruik om ’n verskil in die gemeente te bewerkstellig.

Verskillende gawes is hiervoor nodig:

- Iemand is nodig om op te bou.
- ’n Ander een om uit te reik.
- Iemand moet die aanvoorwerk doen.
- Die ander moet die projek organiseer en lei.

Die leraar en gemeenteleier moet ’n span saamstel en uitbou waar almal saamwerk om God se doelwitte en visie vir die gemeente na te streef. Hulle tree as ’n soort dirigent op wat almal se gawes tot hul reg laat kom.

‘n Leraar in ‘n eenmansgemeente sal leiers oordeelkundig moet identifiseer en die bedoeling van die DVD is veral ook om so ‘n leraar te help om deurdagte prosesse in die gemeente aan die gang te kry omdat hul tyd so beperk is. Hierdie leraars moet ook gehelp word met ondersteuningsbronne waaruit hulle kan tap. Netwerke en vennootskappe met ander leraars in die sinodale gebied moet gevorm word. Hierin wil ADGO jou help.

Die span moet die gemeente kan motiveer en die volgende gawes insluit:

- Die gemeente kan lei om God se stem duidelik te hoor binne die konteks waarin die gemeente haar bevind – Hoe wil Hý die gemeente gebruik?
- Die gawe hê om die gemeente te lei om ’n realistiese droom (visie) daar te stel.
- Mense kan verenig om op die visie te fokus.
- Elkeen se unieke bydrae kan saamsnoer in ’n harmonieuse eenheid.
- Mense kan inspireer en motiveer.
- Kan deurlopend erkenning en waardering vir elke bydrae gee.

- Kan bepaal wanneer koersaanpassings nodig is, met inagneming van wat die gemeente kan assimileer en teen watter pas. God gee hierdie insig as ons biddend op antwoorde soek.
- Gedeelte waardes moet opgestel en gevestig word waarvolgens die gemeente funksioneer en almal op koers hou.
- Beplan hoe om bronne optimaal te benut byvoorbeeld leierskap en gawes in die gemeente. Maak gebruik van ADGO hulpmiddele, netwerke en vennootskappe.
- Fyn onderskeidingsvermoë hê om te sien wanneer die moraal laag is in die gemeente of wanneer probleme voorsien word in die proses, die nodige aanpassings betyds te maak.
- Deurlopend nuwe leiers te identifiseer, te ontwikkel en ‘n leierskapkultuur te vestig. (Ef 4:11-13)